## 2 April - EVANGELIE

**Skrifgedeelte: Handelinge 28:16-31**
**Fokusgedeelte: Handelinge 28:31**

Paulus is in Rome – die hoofstad van die magtige Romeinse Ryk, die setel van die keiser, wat as ’n god aanbid word deur die heidense Romeine. Jesus Christus het dit só bepaal dat die evangelie van sy versoeningswerk aan alle mense verkondig moet word – ook aan hierdie heidense Romeine. In Handelinge 1:8 het Jesus aan sy apostels, en daarmee aan sy kerk oor alle eeue, die opdrag gegee om sy evangelie te verkondig tot aan die uithoeke van die wêreld: “Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.” Die Here beskik dit toe só dat Paulus in Rome kom.

Paulus verkeer onder huisarres. Sy eie bewegings word ingeperk, maar die evangelie kan nie ingeperk word nie. Die gang en uitbreiding van die Woord van God kan deur niks gekeer word nie. Van ’n soortgelyke (dalk dieselfde) ervaring as hier in Rome vertel Paulus in Filippense 1:12-14: “Ek wil hê julle moet weet, broers, dat wat my oorgekom het, juis die verkondiging van die evangelie bevorder het. Dit het daarop uitgeloop dat die hele keiserlike wag en al die ander nou besef dat dit ter wille van Christus is dat ek ’n gevangene is. Deur my boeie is die meeste broers ook in hulle vertroue op die Here gesterk, en hulle waag dit al hoe meer om die woord van God onbevrees te verkondig.”

Godsdienstig lewe die heidene in die donker. Hulle ken Jesus Christus nie as die lewende God en as hulle Verlosser nie. Hulle het nie die evangelie van genade nie. God sorg dat die lig van die evangelie op die hoogs ontwikkelde en magtige, maar pikdonker, Rome skyn.

Met hierdie stukke geskiedenis verkondig die Here nie net feite aan ons nie, maar Hy lê ook ’n verpligting voor ons deur: verkondig die evangelie (Matt 28:19-20)! Laat jou lig – die lig van die evangelie – vandag skyn! Leef die Woord van God vandag onbeskaamd uit! God sal aan jou deur sy Heilige Gees die krag gee om dit onbevrees te doen. Doen dit net!

*Sing: Psalm 89:6 (1936-beryming)* *Dr AH Grové (Emeritus)*